

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (49/12)

Justin Chadwick (14 Desember 2012)

GESEGDE VAN DIE WEEK “It is a far, far better thing to have a firm anchor in nonsense than to put out on the troubled sea of thought” J K Galbraith

MINISTER KEUR DIE SITRUSHEFFING GOED

Vroeër hierdie jaar het die CGA by die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) aansoek gedoen om die heffing op sitrusvrugte wat uitgevoer word en deur die CGA geadministreer word, te hernu. Hierdie heffingsaansoek het voortgesette befondsing van navorsingswerk wat deur die CRI en sy alliansie-vennote gedoen word, transformasie deur die Sitrus Akademie asook die Transformasie-bestuurder, marktoegang, inligting, verteenwoordiging, logistiek, markontwikkeling en administratiewe werk wat deur die CGA gedoen word, ingesluit. Na 'n streng proses wat deur DAFF gevolg is, het die **Minister hierdie week die heffing goedgekeur**; en so die befondsing van hierdie aktiwiteite vir die volgende vier jaar verseker.

UITVOERE NA DIE VSA

Die portaal vir elektroniese registrasie vir produksie-eenhede met die “US Food and Drugs Administration (FDA)” is nou oop en produseerders van voedsel wat uitgevoer word, word versoek om hul fasiliteite aanlyn met die FDA, **voor die einde van Desember 2012**, op die volgende webtuiste: <http://www.fda.gov/Food/FoodSafety/FSMA/ucm314178.htm>, te registreer.

Hierdie vereiste is volgens die “Food Safety Modernization Act”. As die fasiliteite reeds geregistreer is, moet dit weer elke twee jaar weer geregistreer word gedurende die periode van 1 Oktober tot 31 Desember in ewe getal jare (2012, 2014 ens).

Daar is geen foenie vir die registrasie en herregistrasie betaalbaar nie. Dit vereis 'n e-pos adres vir die kontakpersoon van die fasiliteit of vir die VSA agent van die fasiliteit en versekering dat die FDA- verteenwoordiger toegang verleen sal word om die fasiliteit op versoek te inspekteer.

Vir verdere inligting kan die bedryf per epos met die hoof van die kantoor van FDA/Pretoria, Me Beverly Corey by Beverly.Corey@fda.hhs.gov kommunikeer.

GLOBALE SITRUSWÊRELD

Slegs drie lande in die wêreld verskyn onder die top tien uitvoerders van al vier sitrustipes (lemoene, sagte sitrus, suurlemoene en pomelo's) – Spanje, Suid-Afrika en Turkye. Dit lig die vermoë van Suid-Afrika uit om aan die hele mandjie van sitrusvereistes te voorsien.

Suid-Afrika word gelys as die tweede grootste uitvoerder van sitrus in die wêreld (volgens volume) – is tweede grootste uitvoerder van lemoene en pomelo's, vierde grootste suurlemoen-uitvoerder en sewende grootste uitvoerder van sagte sitrus.

In die suidelike halfrond hou Suid-Afrika die nommer een plek vir lemoene en pomelo's en nommer twee vir suurlemoene en sagte sitrus. (Bron Fruitrop CIRAD).

BOORDINSPEKSIES

Produsente met vroeë variëteite moet kennis neem dat DAFF met boordinspeksies vroeg in die nuwe jaar gaan begin. Voor daar na die EU uitgevoer kan word, moet die relevante boorde deur DAFF geïnspekteer word.

DATUMS VIR 2013

CGA ROADSHOWS 18 Februarie **Zimbabwe en Nkwalini**; 19 Februarie **Pongola, Swaziland en Limpoporing**; 20 Februarie **Letsitele, Hoedspruit en Nelspruit**; 21 Februarie **Senwes en Onderberg**; 26 Februarie **Boland, Wes-Kaap en Patensie**; 27 Februarie **Oranjerivier en Sondagsrivier**; 28 Februarie **Vaalharts en Oos-Kaap Midlands**; 5 Maart **Suidelike KZN. Plekke en tye sal volg.**

CRI PAKHUIS WERKSWINKELS 29-30 Januarie **Limpopo – The Ranch, Polokwane**; 31 Januarie – 1 Februarie **Mpumalanga – Loskopdam Resort**; 12-13 Februarie **KZN & Swaziland – Blue Waters Hotel, Durban**; 14-15 Februarie **Oos-Kaap – Summerstrand Hotel, Port Elizabeth**; 19-20 Februarie **Wes-Kaap – Protea Hotel, Stellenbosch**. Registrasie is vanaf 12:00 op die eerste dag en werksinkels duur tot 13:00 op die tweede dag.

VARIËTEITSFOKUSGROEPE Voorgestel Dinsdag 12 Maart **CITRUS GROWERS' DEVELOPMENT CHAMBER**

Voorgestel Dinsdag 12 Maart **CGA RAAD** Voorgestel Woensdag 13 Maart **SITRUSBEMARKINGSFORUM**

Voorgestel Woensdag 14 Maart.

**AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY WAT DEUR PRODUSENTE BEFONDS WORD
VERSEKER 'N GLOBAAL MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKA SITRUSBEDRYF**